

OPENBARINGE AAN MADELÉNE STRAMPE

DEEL 1

Genesing

O, ek wil U besing,
My lofsange vir U bring!
U is verkwikking vir menig siel,
Ja, gesond of siek,
U sien altyd om.
Menige rou hart,
Raak U aan
En genees ons van elke traan.

Dwase Maagde

Bitter druppels drup,
Te laat in dwase hart,
Met trane van spyt:
"Hoekom is U deur gesluit?"

Dan weergalm bitter tyding:
"Ek ken jou nie.
Jy's nou weer wie?
Nee, jou naam, vreemdeling,
Is in dié boek, nie te vind!"

Druppels drup,
Diep in Vaderhart,
Trane van smart,
"want jy't jou hart vir My gesluit!"

Afwagting

My Liefste Bruidegom,
Hoe lank nog voor U kom?
Ag, hoé wag ek op U koms!
Ja, om in U arms te blom;

Skoon en rein,
Geklee as U bruid
kosbare skatte,
In suiwer, ja rein harte!

My Liefste Bruidegom,
My lamp is reeds gevul,
met olie so kosbaar suiwer,
So, wag ek op U,

My Liefste Bruidegom!

Oorwonne Dood

Geen pyn en smart
Kan my van U weerhou.
In U liefde vir my,
Moes U op Golgota ly.

Geen volgeling van Dood,
Sy` t haar grynslag verloor.
Bloeddorstig soos sy is,
Sit sy die pot toe heel mis!

In al die erns van Liefde,
Buig siel en gees voor U neer.
Skoon gewas, aangeneem,
Ewig geen skeiding meer!

Word wakker

`n BoodsAPPER kom,
Haastig en dringend roep hy:
"Slaap julle nog?!"
"Die Koning kom!!"

Word wakker, staan op
Die Bruidegom kom!!
Steek op die lampe,
Dit vrywaar ons van stampe.

Staan op, word wakker nou,
Kom, maak tog gou!
Bring jou olie, bring jou lamp,
Maak lig, hier kom die Lam!

Suiwer Liefde

In tere liefde,
Eons gelede,
Het Onbaatsugtig Siel
In trane gekniel,
Sy hart geskeur -
Oor Sy broers getreur.

Met Sy hele Hart
Het die Gewer van Krag
Lewensgetrou besluit
Om die Offer te bring

Vir elke smagtend siel
Wie Hy so teer bemin

`n Kans om te ontsnap
Vanuit Satan se mag
Ja, vir elke siel
Wat in Liefde sou kniel
Is verlossing, onbeskryflik groot
Deur `n Redder, in hul nood,
Vanuit Suiwer Liefde begroot.

Getuienis

Pilatus kan getuig
Dat selfs materie buig
Waar Ek, die Alomteenwoordige Maker
Ja, Skepper van hemel en aarde, wandel.

Sal die aarde dan nie juig nie?
Sal sy nie jubel en getuig nie?
Ek sê vir julle
Elke oog sal sien
Ja, elke knie sal buig
Elke siel sal van My Almag getuig!

Ek ken jou vrese, jou twyfel en jou seer, Dis Ek, die Ewige Almagtige wat getuig:
Voorwaar, elke knie sal buig
Waaragtig sal elke tong bely:
“Ek is, Ek was en Ek sal altyd wees.”

DEEL 2

Weer gefaal

Ek is so ontsteld
In niemand anders dan myself
Alweer het ek gefaal!
Bang dat ek na dieptes daal
Versoeking is stryd
Dit eindig in spyt
En “noodplesier”
Is `n verskeurende tier

Laat jou drome
Jou nie lei na donker strome
Beveg die lis
Elke versoeking oorwin,
Tel beslis!
Amen.

Herder en hoof

O, wee julle kerkleiers, wat voorgee om deur die Almagtige geroepe te wees!
Julle wat julle eie hartstogte volg!
Julle verlei en verblind Sy volk,
Ja, elke kind wil julle bind
En dit vir eie gewin!

Groot en klein maak julle dom en stom,
Hulle siele is vir julle minder werd as Esau's sop,

Groot en klein laat julle val
Gebonde en verblind,
Elke siel gewin,
Vir eie voordeel verslind!

Omgekoop om siele geestelik te dood
En so Satan's begeertes te laat leef
Ja, besoedeling en verbastering
Ingeprent in elke prediking,
Belieg en beroof,
Deur herder en hoof!

Dit roep Hy uit,
Ja, die Allerhoogste teen julle gespuis:
Ja, julle wat elke smagtend en belowende siel in julle lokvalle vang.
Waaragtig, ja, Hy die Allerhoogste, sal Syne, ja, Sy erfdeel, Van julle afskeur! Sy kinders
uit julle hande red:
Sodat hulle nie langer buit in julle hande sal wees!
En julle sal weet:
"Ek Is - JaHWeH!"

Omdat julle die hart van die regverdige bedroef Terwyl Hy hulle geen smart aandoen, En
julle wat die hande van die besoedelde versterk, Weet dat elke siel beroof, ja, geestelik
gedood - Tel in Sy oë as moord!

Daarom, self aangestelde profeet, ja elke herder en hoof, Kom, ja kom verneem julle
loon Let op, kom luister:
Hardkoppiges word uiteindelik gekluister!

Vraag: Hoekom is U lief vir my?

4 Desember 2007

Want jy is jy,
Jy kom vanuit My,
Aan jou sy
Wil Ek ook bly.
Daarom moet jy
jou verbly
wees jy net by My!

Amen.

Hoe waar is dit nie!

U is die Eerste en U is ewig, ja, U is ook my einde. Sonder U kon ek nie wees nie en wil my siel ook nie bestaan nie. Ek is hier om U doel met my te volbring. Dat daar geen ander doel met my lewe en bestaan is nie, is waar en waaragtig so! Deur U, vanuit U en vir U bepaalde doel, is ek geskape. Nou my Meester, is daar vir my geen ander en groter vreugde, as om dit te volbring nie. Ja, indien moontlik, selfs nog meer te bereik, as dit wat ek as mens ooit gedink het. En tog, wanneer ek na myself kyk en my pateetheid sien, kan ek nie help om te wonder en te vra:

Wat het U met my te doen? Hoekom gee U my, gevallene, soveel barmhartigheid? Hoekom wil U my die lewe gee, terwyl ek die vernietiging verdien? Wat dring U tot hierdie ontsettende barmhartigheid? U Liefde gaan enige menslike verstand ver te bowe. Die Grootsherd van Liefde wat vanuit U gebore is, is in menslike terme nie verduidelikbaar nie. Soos wat U dit aan ons in ons tale hier verduidelik, weet ek, is nie eers 'n druppel in die emmer nie. Daarom kan ek, my Liefste, nie anders as om U te smee om die liefdesvonkie, wat U so sorgvuldig in my geplaas het, te omskep in 'n kragtige, onuitblusbare Liefdesvuur nie. Ja, my Liefste, omvorm my ook tot suiwer goddelike liefde, asseblief?

Maar nou sit ek hier, waar ek dink oor alles wat ek graag vir U wil, maar ek weet nie hoe nie. Ja, ek wonder of daar nie meer is wat ek moet of kan doen nie. Ek is so gereeld besig om te kla oor te min tyd, moegheid ens.

Ja ek is skuldig aan hierdie dinge, maar wil nou vir ewig van alle negatiewiteit loskom.

Ek vra U nou my liefste Koning, Vader en Verlosser, om my vir ewig van alle boosheid en negatiewiteit te verlos.

Maak my volkome los/vry van alle vleeslikheid.

Ek wil rein voor U wees,

maar ek weet dat ek uit eie poging en krag dit nooit kan vermag.

Daarom: verlos my asseblief van die sondenag.

Bring my in U dag,

laat U lig vir my skyn.

Laat U Lig en Warmte my omvou en deurweek.

Laat my sweef op die golwe van die wind.

Gee arendsvlerke aan my, U kind.

Ook haar klou

Om die vis te omvou

Die moed en brul van 'n leeu

Die krag om alles vir U in Liefde

Deur Liefde

En tot Liefde te volbring.

Ja, my Koning,

Maak my vry van vlees,

Laat my een word met U Gees

Sodat ek U doel vir my getrou kan uitvoer.

Laat my U nooit teleurstel nie.

Laat U oorspronklike doel met my,

Nou volbring word.

Ja, laat U wil met my geskied!

Amen

DEEL 3

Vraag en uitnodiging:

'Wyl jy in die donker lê en wag
Hou Ek saggies oor jou wag,

Waar gaan jy heen
Waar kom jy vandaan

Wyl jy lê en teem
Staan engele om jou heen

Maak jou nou skoon
van elke demoon

Kom nou, raak tog vry
Sodat Jahweh in jou kan gedy

Oor die golwe sal jy ry
Van elke onheil vry

Kom tog net na My!

In die donker van die nag
Lê onheil en wag

Kom nou na My
Ja, Ek maak vry!

Vir Jahshua

Desember 2007

U hoor my jammerklagte
Wanneer ek treur in die nagte,

Nou, `n soete klank
Want ek wil U bedank

Deur U oor (wat altyd na my luister)
Word ek bekoor

Ja, ek kan ewig luister
Hoe U, my Jahshua, vir my fluister!

Vandag 23 Desember 2007

Vanmore loop ek huistoe en praat maar soos gewoonlik met Jahshua. Ek vra Hom weer om my te reinig en suiwer ens. Maar skielik dink ek daaraan dat dit omtrent al is waaroor my gebed deesdae gaan! Hoe selfsugtig van my! En ek sê dit toe sommer vir Hom. Alles gaan net oor my, oor alles wat ek wil hê! Toe ontvang ek die volgende:

Dit(jy) is die embrio wat in sy moeder(gees) se sappe vorm. Net soos die embrio vorm, vorm jy jousef ook nou vir wat nodig is vorentoe. Jy sê jou gebed of gesprek met My gaan die hele tyd oor jousef: Ek wil rein wees, ek wil liefde wees; ek wil self U stem hoor; ek wil ... ek wil... Maar My liefste kind, dit is presies wat jy binne-in die plasenta gedoen het. Die siel (Jy) het geweet wat nodig is vir die lewe hier op aarde, daarom weet hy/sy, om toe al te soek en vra na oë, na ore, na elke sintuig en instrument benodig vir die materiële lewe waarheen hy/sy oppad is. Die siel is eers "vasgevang" in `n sel of "vertrek" en dan begin die "wil". Die wil om te wees, te voel, te sien ensovoorts. Omdat die wil (om te leef) daar is, begin die ontwikkeling ook. Dit bring mee dat daar oë en ore ens.

ontwikkel. Ja, dit word ook in `n mate geoefen voor die fetus as `n baba uitgestoot en gebore word. Dan het hy alles wat hy benodig vir hierdie wêreld waarin julle julleself bevind. Dan gaan hy voort en ontwikkel die "toerusting en sintuie" saam met die groei van die baba. En as jy weer kyk, begin hy kruip, dan loop en dan volg die hardloop. So is dit ook met al My kinders. Wanneer julle vorming plaasvind binne julleself, is die "wil" steeds die faktor wat maak dat jy wil rein wees, wil groei en wil sien ens. Ook in jou begin jou siel en gees "oefen" en homself gereed kry vir `n hoër lewensvlak. Dit is die vlak waar jy oorgaan van vlees na gees. Eers moet jy jou liggaam regkry en in orde kry, dan volg die oefening en terwyl dit gebeur, kom die geboorte nader. Wanneer jy alles het en alles geoefen het en alles goed werk, trek Ek jou in die Lewe in. Ja, Ek is die Geneesheer wat met die geboorte bystaan en help, maar jy moet ook vanuit jousef daarin (die lewe) wil kom en die moeite doen om gebore te word. So My kind, vra dit wat jy wil hê, wat jy nodig ag vir dit waarin jy wil "transformeer". Ek sal jou help. Ek gee leiding; wys jou hoe om te oefen en alles in orde te kry vir die Ware Lewe. So, moenie bang wees om te vra vir dit wat rein en goed is nie. Moenie bang wees om te vra vir sekere kwaliteite en vermoëns nie. "Vra en vir julle sal gegee word, soek en julle sal vind" beteken ook dit. Want hier gaan dit nie om eie ego nie, maar om dit te word wat Ek wil hê jy moet wees: `n Volkome geestelike wese.

Met liefde, jou Vader.

Amein

Die siel ontwikkel homself/haarself verder vanuit die bloed. Elke sel in die bloed, wéét wat die wil is vir sy/haar verdere ontwikkeling. Wat die siel van die bloed wil, dit doen die sel. Daar is `n spesiale liefdesverhouding tussen die bloedselle en die siel. Dit is die liefde wat dan warmte afgee of uitstraal. Sonder warmte kan geen embrio ontwikkel nie. Sonder Liefde is daar géén lewe nie. Die Liefde van die siel, laat die selle ontwikkel en groei. Wonderlik nê?

So is dit ook gestel met die geestesvonk in jou. Die siel word bewus van `n hoër Liefde (hoër/geestelike vlak van liefde: m.a.w. `n groter liefde) as sy eie. Hy begin daarna soek en word lief vir die hoër/geestelike Liefde. Hy groei na die Bron van die liefde toe. Want hy weet dat hierdie suiwer goddelike liefde die Bron van sy eie bestaan is en dat sy liefde `n replika of afbeelding is van die suiwer goddelike liefde. Sy liefde moet dan ontwikkel tot suiwer goddelike liefde. Die siel is in die bloed, maar die polsslag is die wil.

Sonder die pols, sterf die bloed. Sonder die pols wat die hitte (liefde) bewerk, verlaat die siel die bloed.

DEEL 4

Jy moet mooi luister

Jy moet mooi luister
Dit is Ek wat fluister
Diep in jou hart
Daar by jou smart
Luister nou goed
Want My fluistering
Is soet!

Mag ek?

Mag ek `n hooglied vir U sing,
My Liefste WonderKoning?
U is so groot en goed
Die ontmoeting met U
So soet!

24 Desember 2007

Jy wil weet wanneer is dit Ek en wanneer jy of selfs `n derde inspraak?

My kind, Ek sal nooit teen Myself ingaan nie. Ek sal nie dinge beveel wat teen My eie wil is nie, m.a.w. strydig met die Liefdeswette nie.

Dit is ver van My om klip te gooi, ver van My om `n woede uitbarsting te hê, ver van My om Kersfees te vier. Waarom sou Ek sulke dinge spreek? Maar julle is wakker en bedag en sien hierdie dinge raak, omdat julle My leer ken. Julle persoonlike verhouding met My laat julle groei. Julle leer My beter ken en weet nou sekere dinge beter omtrent My Karakter of Wese.

Daarom groei die (jou) geloof in My ook. En dit is die enigste manier om deur hierdie smeltkroes te gaan wat nou voor julle lê. Alleenlik wanneer jy iemand ken, kan jy op hom staatmaak en vertrou. Dit is dieselfde met My. As jy die moeite gedoen het om My te leer ken, het jy alles tot jou beskikking om in My te glo en vertrou. Die liefde vir My in jou dring jou ook om My nog beter te leer ken. Om My beter te leer ken, sal jy ook meer en meer met My in gesprek wil wees. En dit is goed so. Ek is altyd oop vir `n geselsie met jou. `n Mens gaan ook altyd terug na waar sy liefde is.

Deurdadig jy dan meer en meer na My kom, word jou behoefte om permanent by My te wees, groter en groter. Later is jou gedagtes ook net by My. En dit is soos Ek dit wil hê. Dit is deel van die stappe van eenwording met My.

Daardie behoefte om permanent by My te wees, is deur die Liefde in jou vir My gedryf en word steeds sterker. Al sou jy met wat op aarde ookal in die liggaam (vlees) besig wees, sal jou hart en gedagtes net by My wees. Soos twee verliefdes is dit dan. Ja, Ek sê twee verliefdes, want Ek wil jou ook by My hê. Ek wil jou hê en wil dat jy een word met My. Ek het vir jou gely. Ek het reeds die Bruidskat betaal. Jy is Myne. Ek roep jou nader by jou naam. Dan kom jy al nader en word jy al meer en meer een met My. Al moet jy op die aarde steeds bly en werk, is jy in die gees een met My. Dan kan NIKS jou onderkry nie. Want as jy een is met My, is Ek ook een met jou en dit beteken dat wat

ookal voor jou, wat dan ons is, te staan kom, die onderspit sal delf. NIKS kan ons onderkry nie. Wonderlik, nê?

Maar jy sal dan moet sorg dat jy altyd aan die standarde of vereistes voldoen om een te bly met My. Net soos jy moeite moes doen, om `n verhouding met My aan te gaan. D.i. jou reiniging deur te gaan en ontslae raak van alle negatiwiteite en booshede, so moet jy nog altyd sorg dat jy aan My standarde voldoen om een te bly met My. Jy sal steeds selfondersoek moet doen om seker te maak dat daar nie boosheid inkom nie.

Die slang is altyd op soek na `n sagte plekkie wat hy kan penetreer om My kinders te besoedel en te vernietig en sal alles in sy vermoë doen om dit reg te kry. Daarom mag daar géén boosheid in jou wees as jy een wil wees met My nie. Want Ek laat geen boosheid toe om My te beset nie. Boosheid kan nie naby My kom nie, dit weet jy, maar Lucifer sal altyd probeer nader kom. Hy probeer My steeds uitoorlê. Dan brand en pynig My heerlikheid hom sodat hy maar weer druiptert vlug. Maar omdat jy as mens vatbaar is, moet jy werk om skoon en rein te bly om een met My te word, wees, en bly.

So Ek roep jou steeds:

Kom, My liefste, kom nader.

Ek wil jou heeldag by My hê.

Word een met My,
sodat ons bymekaar kan bly.

Ek en jy.

Tot volmaaktheid gebrei.

Dink aan/oor My,

droom van/oor My,

praat van My, oor My en met My.

Smag na My met jou hele hart en wese

en Ek sal jou kom haal

en oor die drumpel dra met Liefde.

Jahwèshua Jahweh.

Met liefde

Die Bruidegom.

Amen.

DEEL 5

Vas

25 Desember 2007

Jy wil weet hoekom dit so goed gaan met die vas. Jy vas nou-al 5 volle dae en is dit nou die begin van die sesde dag. Kom, dat Ek jou verduidelik:

Hierdie (vas) is `n toets vir jou siel vir jouself. Wanneer jy (jou siel) nog vas is aan die vlees, voel jou siel die verswakking van die liggaam fisies. Jy ervaar pyne van verskillende aard. Maar soos jy besig is om los te kom van die vlees, het die liggaam/vlees al minder impak op die siel.

Waar die siel eers die massa van die vlees moes dra en daarom nie krag gehad het nie, word die liggaam nou soos `n outomaat en die siel word meer een met die gees. Ek gee die liggaam sy krag en daarom voel jy die vas nie soos wat jy dit voorheen ervaar het nie. Ek gee krag, want elkeen wat daarvoor vra, sal dit kry.

Amein.

Ek vas saam met jou, wat wil sê Ek ondersteun jou in die vas, omdat jy gehoorsaam is aan die opdrag. Daarom die bonatuurlike krag.- My krag.

Amein

Hoor, Meester

O, my Meester

Groot en klein

Sal van U Almag getuig

U is liefde

Onbegryplik groot

U alleen is Koning, hoor!

Hoe kan ek vinniger nader aan U kom?

Deur te vas van alle aardse drek. Met ander woorde, bly weg van die wêreldse verlokkinge wat jy in elk geval nie nodig het nie. Maak jou los van haar. Hou jou gedagtes by My. Konsentreer op My. Visualiseer My. Dink aan My. Praat met My – elke oomblik van elke dag. Al sou jy besig wees met jou take, moet jy in jou gees met My wees. Dit begin moeilik, maar word al makliker en later is daar geen moeite aan nie en is dit vir jou die norm.

Hou aan probeer.

Liefde

Vader.

DEEL 6

28 Desember 2007

Meester, gereeld het U my 'n beeld in my gedagtes laat sien waar ek gekruisig is. Ek sien myself aan 'n kruis hang, nakend. Ek het altyd gedink dat dit daarop dui dat ek fisies so aan die einde van my lewe kom.

Maar nou gee U my ander denke daarby.

Ja, My kind, dit is so. Die beeld wat jy gesien het, is 'n dubbele beeld. Eerstens is dit dat jy van al die verkeerde "dinge" ontslae raak. Jy kruisig die eie ek. Die jy wat vol is van haat, nyd, woede, afguns en alles wat boos en besoedel is. Jy kruisig jouself, gewilliglik. Jy het dan nodig om baie diep in jouself te gaan en alles uit te gaan haal en af te sterf. Jy doen dit vanuit liefde, met ander woorde, dit is 'n liefdesoffer vir jou naaste en vir My bo alles en almal. Wanneer jy dit doen, sien Ek jou erns en liefde en dat jy offer om jou broers en susters, as een wat dit reeds deurgegaan het, te help in nederigheid. Wanneer Ek ook sien dat jy bereid is om die eie ek so te kruisig, vat Ek dit nog 'n stappie verder en suiwer dan ook jou liggaam deur jou eetgewoontes, wat ook as beskerming dien teen bose geeste wat ingang vind deur dit wat jy inneem deur jou mond. Die offering strek al verder, sien jy? Van die hart na die vlees in hierdie sin. Al die ontasbare negatiwiteit van booshede in die hart en dan die tasbare waarin die ontasbare skuil en deur jou mond jou kan beset, treiter en pla. Hoewel die eetgewoontes ook deel is van die eie ek, is dit net 'n stappie verder. Wees daarom getrou in dit wat jou opgelê word. Let op wat jy eet, want dit is van groot belang as jy wil groei en verdiep.

Wanneer jy dan getrou is in hierdie offer van die eie ek, kan Ek sien dat jy ernstig is en met liefde jou fisiese lewe (letterlik) sal offer vir MY.
Wees getrou tot die dood toe. Dit is wat die liefde doen.
Jou liefste Abba Vader.
Amein.
Ek het U oneindig lief, Koning Jahshua.

29 Desember 2007

Voel jy geïrriteerd? Gaan kyk diep binne-in jou eie hart. Soek en jy sal geskok wees om te sien wat die oorsaak van die ongeduld is! Ja, My dogter! Dit is niks anders as hoogmoed nie! Wie ken die volle diepte van hierdie donker put? Sy (hoogmoed) deurweek en absorbeer alle vrugte van die Gees van Suiwerheid! Sy vernietig alles wat Ek opbou. Sy is die wortel van die eie ek!

31 Desember 2007

Jou tyd My kind, kom vinnig nader en voor jy jou oë uitvee, het jy geen tyd meer vir die wêreldse. Klaar sukkel jy om tyd daaraan af te staan, want Liefde trek jou weg en nader. Weg van die wêreld, `n totale breek met haar; - is sy dood vir jou; - so waar. Nader aan My en Goddelike Eenwording. `n Huwelik sterk en onvernietigbaar, ewig... `n Volkome Paar, in suiwer Goddelike, ewige Lewe.
Amein.

DEEL 7

28 Januarie 2008

Eers kry ek **Eseg. 7** om te lees en toe volg die volgende in my hart:
Die einde is hier! Geen uitstel meer nie. Wees sterk en laat julle harte sterk wees! Wees tot hulp van jou naaste, ja, jou broer en suster moet jy nie verlaat nie. Lei hulle, neem hulle aan die hand en bring hulle na My.
Ek sal hulle heel en genees. Ek sal hulle troos en hulp wees. Elkeen wat na jou kom, moet jy soos `n ware ousis help. Daarvoor is elke kind van My geroep. Julle is ligdraers! Ja, julle, My kinders in hierdie donker tye, dra julle My lig! Wees daarom vol blydschap, want nie een van Myne het nodig om te vrees nie. Nie vir die donker of die onheil wat daarin lê en wag nie. As jy My in jou hart dra, kan niks teen jou staan nie. Dit is tog so eenvoudig My kinders, want met My in jou, is dit "ons". En waar Ek is, sal elke vyand val. Wees rustig, en kalm, laat My wees jou krag en psalm en terwyl die vyand nie meer talm, is jy nou My swaard. Ek en jy, ja, elke kind van My en Ek is in die klein `n taakmag. Ek is die Aanvoerder van die hele hemelleërmag. Wees nie bevrees nie, My geliefdes! Julle Vader, ja Hy wat die Aanvoerder is, sluimer of slaap nie! Hy hou wag oor elkeen van julle. Ja, dag en nag. Waak en bid. Wees wakker en laat julle harte sterk wees. Julle het niks te vrees nie, My kinders! Maar weet dat elkeen ook nou saam met My moet stry. Hierdie stryd is nie volgens mense verstand nie, maar kom uit die dieptes van Lucifer se haat vir Myne. Wees een met My en dan is jy beskerm en terselfdertyd ook `n wapen. Niks kan met jou gebeur as Ek nie daarvan weet nie. Hou jou rein en help jou broer en suster. Laat liefde nou, in hierdie donker tye, in die harte van elkeen van julle, My kinders, blom. Gee om vir mekaar, soos Ek vir julle omgee.

Ek gee krag en as jy daarom vra, sal jy dit verkry. Kom na My, elkeen wat nog twyfel, ja elkeen wat nog onsekerheid ervaar. Laat die duiwel nou agter en kom skuil onder My vlerk en vleuels! Ek is lief vir elkeen van julle. Julle is en bly My geliefdes, kinders. Amein, Abba Vader, Amein.

Die vervolging het begin

31 Januarie 2008.

Die vervolging het begin. Julle sal op elke moontlike manier vervolgt word, soos jy tereg vir My kveg Dirk, vanaand gesê het. Julle weet dit almal diep in julle binneste. Ek het julle daarop voorberei en nou kry julle eerstehandse ervaring. Maar vrees geen onheil nie. Ek is julle Beskermer.

Ek is in julle. Dit beteken Ek is met julle en My leërmagte is om julle.

Waar Ek is, vou elke vyand. Gee net elke saak in My hande oor en raak rustig. Julle word ook getoets en geweeg. Solank julle op My vertrou, slaag julle elke toets. Ek is lief vir elkeen van julle wat erns met My het, ja, elkeen wat My kind is. Onthou dit! Julle is Myne en niemand sal julle enigiets kan aandoen sonder My medewete nie. As julle aangeval word, dit is nie uit My nie. Wie jou aanval, sal oor jou val en soos julle gewoon is om te sê: "wie laaste lag, lag die lekkerste". Met ander woorde, hulle mag dink dat hulle, dit is nou die vyand, Lucifer en sy boses, die hef in die hand het. Ja, dit mag blyk dat hulle wegkom met watter aanval ook, maar Ek sien alles. En My dag brand soos 'n oond. Wie sal staande kan bly? Wanneer hulle dink om julle, My geliefdes in kerkers of tronkselle te gooi, bring hulle hul eie oordeel oor hulself. Ja, hulle beslis dan hul eie regsak. Het Ek nie gesê wat jy aan ander doen, sal aan jou gedoen word nie? Met dieselfde maat wat jy meet, sal vir jou gemeet word.

My kinders, onthou dat Ek julle ontsettend lief het. Ek laat julle nie alleen nie. Ek is daar by jou. Ja, by elkeen van Myne. Staan vir My! Staan vir Waarheid. Staan vir Liefde. Daar moet nou dinge met sommige van Myne gebeur, maar dit is nie net om julle ontwil nie. Nee, dit gaan oor ander swak siele wat moed en krag put uit die lig wat julle straal. Wanneer hulle My krag in julle en julle liefde vir My in julle sien, spoor dit hulle aan om sterker vir My en in My te groei. Dit is soos bemesting vir hulle siele. Het My offer aan die kruis nie iets vir jou, My innige kind, beteken nie? Nou ja, vir hierdie swak, maar tog My siele, ook ja, maar dit word nog meer versterk deur julle, My getroues, wat voorbeelde van suiwer Liefde is. Dit is vir hulle bemoediging. Daarom: Wees sterk en laat julle harte sterk wees. Ek is lief vir julle. Julle is Myne. Bly Myne, dan bly Ek joune. Ek en jy word Een. Hou net vol.

Innige liefde, julle Liefste Abba Vader.

Amen.

Deel 8

16 Februarie 2008

Daar is soveel méér wat Ek My kleintjies wil leer.

Ja, My kleintjie, julle moet versigtig wees. Die bose lê ook en wag, ja dit soek na enige geleentheid om inspraak te kan lewer. As hy julle kan mislei en wegruk, sal hy dit beslis nie daar los nie. Nee, hy sal elke geleentheid aangryp en daarom moet julle sterk wees en elke versoeking teëstaan. Julle moet waak en bid en as Ek dit op jou hart lê om te vas en bid doen dit dan. Dit sal dien tot versterking van julle swak wil en geloof. Vas van

alle drek en gebruik elke goeie gawe wat Ek julle gee. Kom nou, laat julle sterk word en plaas die verlede nou agter jou. Bou saam met My aan die beste toekoms óóit. Saam met My kan jy waarlik die beste kry. Want Ek is die Voorsiener en Beplanner. Daar is géén ander behalwe Ek nie. Word een met My, sodat Liefde kan gedy. Ek het klaar vir jou gely. Ek ken die pad wat vir jou lê en wag. Vat My hand en in Eenheid met My kan ons die pad stap sonder las. Ek sal jou las dra; Ek het reeds. Maak nou die beste daarvan, ja maak gebruik van My offer. As Ek jou las dra, dra Ek ook vir jou. Ja jy sal terugkyk en wonder hoe jy daar gekom het. Jy sal verwonderd wees en dan sal jy sien dat Ek die Een is wat jou gedra het. Jy sal My krag beleef. Jy sal dit sien en voel. Ja, jy sal My liefde en Almag ervaar. Wees getrou tot die dood toe en Ek is dit (reeds) vir jou. Ja, tot in die dood was en is Ek getrou aan elkeen van Myne. Ek sal julle nie laat val nie. Ek is lief vir julle. Kom nou, word nou skoon sodat jy in My Koninkryk kan woon. Die loon wat wag is enorm groot. Ja, dit is regtig bokant enige menslike denke. Wat Ek vir elke oorwinnaar in My beplan, is enorm groot. Verbysterd sal julle elke heerlikheid aanskou. Ook sal elkeen dit ervaar en die almag en krag van die Liefde sal vir julle, My kinders beskikbaar wees. Kom, sit op My skoot. Ek wil jou hier hê.

Eendag, `n hele ruk gelede, ja Ek praat nou van `n paar jaar terug, toe Ek nog in die vlees op aarde was, was daar baie geleenthede. Geleenthede om te verbeter of te versleg. Net soos vandag. Die keuse bly elke siel se eie. Kom nou My kinders, neem jou besluit. Kom na My en Ek sal jou versterk en help. Ek sal jou stig en onderrig. Kom skoon, deur alle boosheid af te lê. Word een met My. Ek sál jou lei. Die keusetyd is nou. Ek sal elkeen wat My kies, omvou deurweek en lei. Ja, sonder om te gly sal Ek jou My Koninkryk inlei. Maar vir die dwaas, sal die donker lê en wag.

Dit sal sy siel deurtrek en in pyn sal hy vir baie lank verkeer. My oor sal Ek waarlik van hom wegkeer. Elkeen wat luister sal Ek help. Maar elkeen wat "slim" is en sy eie pad wil loop, sal Ek los. Hy moet maar self stap en sy hulpgeroep sal val op `n "dowe oor". Is dit Ek wat wreed is? O nee, dit is die siel se eie keuse wat vir hom in werking sal wees. Met jou eie maat en dit sê Ek vir elke siel, sal vir jou gemeet word. Is jy nou doof vir My, kom daardie dowe oor vir jou. Is jy hard en koud? Pasop! Dit wag dalk ook vir jou! Kan jy dalk nie besluit nie en wik en weeg jy?

Sonder liefde sal jy sukkel om te besluit. Dan is daar hulle wat eerder verlig as spyt wil wees. Maar Ek sê wéér: sonder Liefde kan en sal hierdie besluit baie moeilik wees. Liefde is die enigste waarborg. Liefde vir My en jou naaste. Die Liefde besit die krag tot volle oorwinning. Daarsonder sal die pad lank raak. dit sal al moeiliker raak en uiteindelik onbegaanbaar wees. Kom neem dit nou van My. Ek wil dit graag met elkeen deel. Ek het so baie daarvan, want Ek , is die Bron daarvan. Hoe méér jy neem, hoe meer is beskikbaar. Hoe méér jy deel met ander, hoe méér verkry jy. Hierdie Liefde maak enige lang pad kort. Dit vul elke gat in die pad op. Dit neem alle koue weg en dit verwyder die steek uit elke straal. Dit heel en genees, ja dit verwyder elke kwaal. Dit verhelder alles, al was dit hoe vaal. Kom, hier is My uitnodiging, hoor dit, Ek gee dit nog `n maal: Kom, dat Ek jou bevry. Gee jou net oor aan My. Sterf af die "ou ek".

Laat My in jou lééf. Ek is die groot Verlosser en Ek is die Een wat bevry.

Van elke sondelas en skuld kom Ek jou bevry as jy net wil bely. Kom nou na My! Gee alles oor aan My. Ek het reeds vir jou gely. Aanvaar dit net en praat met My. Ek staan angstig en wag. Kom, voordat dit jou ewiglik berou!

Dit vra en stel Ek jou. Ja, Ek JaHWèshua, want EK is lief vir jou.

Amen!

Ag Meester, as die mense net wil luister! My kleintjie, daar is nog mense wat sal. Daar is ook die wat regtig nie bese is nie, maar eers nog moet "seerkry" voor hulle gaan luister. Ja die bloed moet al begin loop, voor hulle op hulle knieë sal sak en alles sal oorgee. En dan is daar die vir wie dit ewiglik te laat sal wees en nog erger: die wat ewiglik géén hulp wil hê nie! Wie kan dit wees, Meester? Dit My kind, is die eie ek!
Amein.

DEEL 9

Waarskuwing!

My kleintjie, daar is sommige van julle wat reeds My stem hoor, wat nie die verantwoordelikheid bese is nie. Ek gee dit nou aan jou, maar gee dit aan almal. My kinders, julle hoor My stem, maar sukkel nog baie. Ja daar is dié van julle wat nie altyd seker is of dit Ek is wat praat en of dit jou eie gedagtes of verbeelding is nie. Satan saai twyfel, maar hy saai ook meer as net dit. Hy sal, veral wanneer hy sien dat jy nog sukkel om te onderskei, probeer inklim en sal selfs van ander geeste, wat nié van My is nie, gebruik maak om jou te probeer mislei. Sy leiding is misleiding. Hy sal ander geeste, wat die waarheid goed ken, stuur om ook met jou te praat en jou dan stelselmatig mislei. Daarom wil Ek vandag vir elkeen sê en Ek wil hê dat elkeen dit van My moet vra: Om beskerming teen hierdie geeste.

Geeste wat inspraak lewer, wat mislei en verlei. Dit is ook hulle wat twyfel bring. Bestraf hulle in My Naam. Dit is julle reg. Hierin moet julle kragtig waak en bid. As jy, My kind, My dan vra en daardeur dan `n keuse maak vir Waarheid, vanuit die Liefde vir My, sal Ek jou getrou te hulp snel. Maar Ek kan alleenlik jou die beskerming bied, as jy My liefhet. Jy sal dit ook kies as jy My liefhet. Ek waarsku julle, sodat julle waaksaam kan wees. Hierin lê die krag en die almag: In die Liefde.

In My Liefde waarsku Ek. In My Liefde beskerm Ek. Liefde vir My, maak die keuse vir My. Liefde vir My aanvaar die waarskuwing en reageer positief daarop. Ek het julle baie lief. In die gees druk Ek julle reeds styf teen My Vaderbors! Liefde is paraatheid.

Julle liefdevolle Vader maan julle weereens om waaksaam en paraat te wees!

--

DEEL 10

Hier is `n tweegesprek van 18 Feb vroeg in die oggend.

Ja, My kleintjie jou het Ek so lief,
kom dan skryf Ek vir jou `n brief.
Ja, dis vir jou wat Ek bemin.
Kom luister nou na elke fluistering.
Ek praat met jou so sag soos `n gedagte,
gee Ek `n kus op elke wang.
Hou My hand vas,
dan neem Ek jou na `n land so ver ,
onbereikbaar vir enige vlees en bloed.
Meester, U weet so goed:
ek smag na U stem so soet.
Kom my asseblief tog tegemoet?

Hoor my jammerklagte,
my smeking, ja elke gedagte.
By U wil ek bly, in U my verbly.
Kom My kind, word tog Een met MY.
Dan is alle sorge verby.
Laat My jou bevry,
ja, net Ek kan waarlik bevry.
Op die golwe sal jy ry,
`n ware arendsvlug sal jy verkry.
Op die vleuels van liefde sal jy ry.
Kom, word net een met My!
Ja, die kruisiging van jouself,
kóm nou, dis al vér na elf.
In die donker lê die nag,
in opgewonde spanning en wag.
Hoe seer My Vaderhart,
want Ek word nou ook getart.
Kom nou tot MY,
dan hoef jy My liewe kind,
glad nie te ly.
Hier is ek, reinig my goed!
Ja, laat hierdie skrobbering,
`n einde aan die eie ek bring!
Één met U,
dit begeer my hart, ek is só lief vir U.
Hoor my goed,
was tog my hele gemoed.
Hier sit ek, Vader.
Kom tog nader.
By U wil ek bly,
ja vir ewig my in U verbly.
Laat U liefde my bekoor,
laat my lofsange opstyg in U oor.
Verbly my kleine hart,
met U liefde so groot en goed. Amein

Ek stuur `n gediggie wat ek na drie vanoggend geskryf het:20 Feb

20 Feb. 08

In die oggend van my gemoed
Staar ek na die son se gloed,
Weet ek dat hierdie goud
Die suiwerste is om te aanskou.

Op die kruin van die berg
Lig ek my hart na bo
Handig ek my wese oor
Hoor ek `n engle koor.

U is so groot en goed

U reuk, so wondersoet
U lig, so helderskoon
U stem, `n helende toon.

In U arms knus
Ja, in Liefde gehul
Knus teen U Vaderbors
Verdwyn alle dors

Dan is U arms in strekking
U Gees, altyd in werking
Voel ek my strewe:
Word ek Éen met U Wese.

Amein.